Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

testpapers.co.za

**SENIOR FASE**

**GRAAD 9**

**NOVEMBER 2014**

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** **60**

**TYD:** **2 uur**

*9AFHL2*

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETS | (25 punte) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10 punte verwerk na 5) |
| AFDELING C: TAAL IN KONTEKS | (30 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.

4. Begin elke afdeling op ʼn NUWE bladsy.

5. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

6. Laat ʼn reël tussen die antwoorde oop.

7. Skryf netjies met blou of swart ink.

8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

## AFDELING A: BEGRIPSTOETS

### VRAAG 1: RUBRIEK

Lees en kyk na die onderstaande rubriek en beantwoord dan die vrae wat daarna volg.

Brandpunt deur Ilse Bigalke

### ’N PAK OP SY TYD IS G’N ANTWOORD

1. Prof. Nico Koopman, van die Universiteit Stellenbosch het vandeesweek waar woorde in *Die Burger* gespreek oor die Handves van Menseregte en die feit of dit die moeite werd is om Erfenisdag te vier. Dit sê dat Suid-Afrikaners ’n samelewing wil hê van menswaardigheid en vryheid van alle vorme van onderdrukking.

2. In die lig van die debat oor lyfstraf by skole na die twee onlangse gewelddadige aanvalle op onderwysers, kan ’n mens gaan kyk na die regte in die Grondwet wat met menswaardigheid en onderdrukking verband hou en deur lyfstraf geskend word. Dit sluit in die reg dat elkeen se waardigheid gerespekteer en beskerm moet word; om vry te wees van alle vorme van geweld; en om teen mishandeling en vernedering beskerm te word.

3. Al word lyfstraf in skole deur die Kinderwet verbied, toon navorsing dat sowat 50% van die leerders steeds deurloop. Sommige skole laat leerders glo net toe as hul ouers ’n toestemmingsbrief vir lyfstraf onderteken.

4. Childline kry weekliks klagtes oor lyfstraf, en dit wissel van ’n “gewone” pakslae tot ernstige beserings. Die Menseregtekommissie ontvang ook jaarliks duisende klagtes.

5. Baie van ons het waarskynlik iewers in ons skoolloopbaan ’n “mnr. Humeur” ervaar, wat leerders pimpel en pers geslaan het. Dan was daar “mej.Geïrriteerd”, wat leerders onregverdig vir lyfstraf en vernedering uitgesonder het, omdat hulle nie ’n vak soos Wiskunde kon bemeester, of sy nie van hulle gehou het nie. Dit is om hierdie redes dat lyfstraf in skole verbied is.

6. Voorstanders van lyfstraf meen dit sal dissipline na skole terugbring. Hulle gee die verbod daarop, die skuld vir geweldadige voorvalle by skole en selfs vir wetteloosheid in die samelewing. Wetteloosheid begin nie by skole nie, maar by ’n regering wat hulle aan korrupsie en wanbestuur skuldig maak, wette wat nie toegepas word nie en ’n strafregstelsel wat nie werk nie. Leerders sien dat hul “rolmodelle” wette en gesag minag en letterlik met moord wegkom. Dit begin ook by ouerhuise, waar om verskeie redes, gebrekkige dissipline toegepas word.

7. Onderwysers is radeloos, omdat leerders nie hul gesag respekteer nie en sien lyfstraf as 'n geneesmiddel wat die situasie sal omkeer. Leerkragte wat stampvol klasse moet beheer, verdien baie simpatie, maar lyfstraf is nie die antwoord nie. Ander vorme van dissipline werk baie goed, waar leerders byvoorbeeld na 'n aantal waarskuwings geskors word. In sommige skole word leerders gestraf deur byvoorbeeld tuinwerk by die skool te doen.

8. Skole kla dat hoofde geen magte meer het nie en dat hul pogings om ander metodes van dissipline toe te pas, deur die onderwysdepartement in die wiele gery word. Dit sluit in aansoeke om reeksoortreders te skors, af te keur. Dit moet dringend ondersoek word.

9. Navorsing het getoon dat kinders wat aan lyfstraf blootgestel word, waarskynlik as volwassenes geweld sal gebruik. Lyfstraf leer kinders voorts dat geweld 'n aanvaarbare manier is om probleme op te los. So word die kultuur van geweld in ons land aangeblaas, eerder as die kultuur van menswaardigheid wat in die Grondwet in die vooruitsig gestel word.

10. 'n Pak op sy tyd is nie soos brood en konfyt nie. Dit is uit.

[Aangepas uit *Die Burger*: 26 September 2013]

1.1 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Wat is die standpunt van die skryfster (die persoon wat die rubriek geskryf het) rondom lyfstraf?

A Die skryfster is van mening dat lyfstraf dissipline sal terugbring in skole.
B Volgens die skryfster laat die Grondwet lyfstraf toe.
C Die skryfster is teen alle vorme van lyfstraf gekant.
D Die skryfster is van mening dat slegs ouers lyfstraf mag toepas. (1)

1.2 Waarom het die debat oor lyfstraf, volgens paragraaf 2, weer in skole begin? (1)

1.3 Noem DRIE aspekte in die Grondwet wat jou, as burger van ons land, teen lyfstraf beskerm. (3 x 1) (3)

1.4 Verwys na paragraaf 3.

Dink jy dat die statistiek wat voorsien word, betroubaar is? Motiveer jou antwoord met inligting uit die teks. (2 x 1) (2)

1.5 Hoe verskil die sienings van persone volgens die leesstuk, wat ten gunste van lyfstraf is, met diegene wat daarteen gekant is? Noem ten minste TWEE feite by elk. (2 x 2) (4)

1.6 Verwys na paragraaf 6.

Stem jy saam met die skryfster se stelling dat leerders gesag minag, omdat "... by ouerhuise, waar om verskeie redes, gebrekkige dissipline toegepas word." Gee ŉ rede vir jou antwoord. (2 x 1) (2)

1.7 Indien jy ŉ slagoffer van lyfstraf is, kan jy ŉ klag by twee organisasies gaan lê. Gee die name van hierdie organisasies. (2 x 1) (2)

1.8 Erfenisdag word gewoonlik op 24 September elke jaar in ons land gevier. Watter betekenis word aan hierdie dag geheg? (1)

1.9 Waarom word die woord "rolmodelle" in paragraaf 6 tussen aanhalingstekens geplaas? (2 x 1) (2)

1.10 Die skryfster noem dat navorsing bewys het dat kinders wat aan lyfstraf blootgestel word, waarskynlik as volwassenes geweld sal gebruik. Is dit ŉ FEIT of ŉ MENING? Motiveer. (2 x 1) (2)

1.11 Verwys na paragraaf 5.

Gee TWEE redes waarom "mnr. Humeur" en "mej. Geïrriteerd" in die leesstuk lyfstraf toegepas het. (2 x 1) (2)

1.12 Bestudeer die idioom: "ŉ Pak op sy tyd is nie soos brood en konfyt nie." Wat beteken die idioom binne die konteks van die leesstuk? (figuurlike betekenis)

A ŉ Pak slae sal dissipline terugbring by skole.
B ŉ Pak slae sal kinders leer om hul ouers en onderwysers te respekteer.
C ŉ Pak slae is nie ŉ oplossing vir dissiplinêre probleme nie.
D Wanneer jy ŉ pak slae kry, ontvang jy brood met konfyt. (1)

1.13 Volgens wetgewing word ouers nie meer toegelaat om hul kinders te slaan nie. Kan jy aan TWEE maniere dink hoe ouers hul kinders kan dissiplineer sonder om lyfstraf toe te pas? (Moenie voorbeelde uit die teks noem nie.) (2 x 1) (2)

**[25]**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

Lees die onderstaande teks deur en maak ŉ OPSOMMING van die SEWE kenmerke van verslawing.

- Skryf die SEWE sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Die opsomming moet sover moontlik in jou eie woorde wees.
- Die opsomming mag nie meer as **70 woorde** wees nie.
- Skryf aan die einde van jou opsomming die aantal woorde tussen hakies neer.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 70 woorde skryf, of as jy nie die getal woorde aandui nie.

### DEFINISIE VAN VERSLAWING

1. Verslawing word beskryf as ŉ skadelike verhouding met enige ding, middel of aktiwiteit wat die gemoed verander en negatiewe gevolge inhou. Dit is ŉ komplekse probleem wat nie net die fisieke en geestelike gesondheid van individue beïnvloed nie, maar ook hul gesinne en sosiale omgewing.

2. Afhanklikheid kom op verskillende maniere voor en verskil van grade en intensiteit.

3. Sommige mense kan middels gereeld en oor lang tye gebruik en min of geen probleme ondervind, terwyl ander klaarblyklik nie kan beheer hoeveel en hoe gereeld hulle dit gebruik nie en vinnig daarvan afhanklik raak.

4. ŉ Belangrike simptoom van afhanklikheid is ontkenning. Die gebruiker sal jou oortuig dat hy/sy nie ŉ probleem het nie, dit onder beheer het en enige tyd kan stop. Dit rek die pyn en stryd net uit, omdat die gesin die verslaafde telkens 'nog ŉ kans' gee. Die beste ding om te doen, is om so gou moontlik hulp te kry, omdat dwelms gewoonlik tot een van drie dinge lei: tronk, die trauma om in ŉ inrigting opgeneem te word of uiteindelik die dood.

5. Om niks te doen nie en te glo dat die verslaafde die probleem self sal oplos, het vernietigende gevolge – die middel neem die slagoffer se hele lewe oor, sy/haar skoolwerk of werk gaan agteruit, hy/sy begin steel om dwelms te kry, sy/haar sosiale lewe wentel om kroeë en die gesinslewe ly daaronder. Sodra hy/sy beheer verloor het, sal hy/sy dit bly gebruik ten spyte van die gevolge. Daarom is dit noodsaaklik om so gou moontlik iets aan die probleem te doen.

6. Verslawing kan nie genees word nie, maar daar is hoop vir herstel, as die verslaafde leer om die toestand te beheer.

[Verwerk en aangepas uit *Vrouekeur*, 16 Junie 2009]

## AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

### VRAAG 3: FLIEKRESENSIE

Lees die onderstaande resensie deur Leon van Nierop en beantwoord die vrae.

**FLIEK**

***EVIL DEAD***

Gruwel. Met Jane Levy, Shiloh Fernandez, Jessica Lucas en Lou Taylor Pucci.
Regisseur: Fede Alvarez. 18 (Gruwel, Taal en Geweld)

1. Dink aan die ergste geweld wat jy nog gesien het, voeg daarby rillers se grusaamste oomblikke en dink aan die laaste keer dat jou bloed gestol het. Vermenigvuldig dit met 10 en jy het ŉ idee van watter invloed *Evil Dead* dalk op jou gaan hê.

2. In die fliek, wat gegrond is op Sam Raimi se baanbrekerrillers van die 80's, kom ŉ groep jong mense in ŉ houthuis in die bos af op die *Boek van die Dooies*. Hierdie boek, met menslike vel as omslag, bevat voorspellings en woorde wat bose geeste oproep en loslaat.

3. Die ouens en meisies wat in hierdie huis kom bly, ignoreer alle rillerwette. Moenie ŉ boek oopmaak waarin daar staan dat jy nie die boek mag lees nie. Moenie in ŉ kelder afgaan en rondploeter tussen dooie diere wat uit die dak hang nie. En moet nooit agteruit by ŉ kamer inloop nie.

4. Gewoonlik het die gruwelflieks ŉ makabere swart humorsin, maar hierdie gewelddadige en brutaal grusame fliek, het nie tyd daarvoor nie. Mense wat hul eie hande afkap, skreeuend aan die brand gesteek word en herhaaldelik met spykers deurboor word, is hier aan die orde van die dag.

   Dit is gruwelik. Jy is gewaarsku. – **Leon van Nierop**

3.1 Skryf ŉ sinoniem uit die teks neer wat beteken ŉ fliek waarin baie geweld en bloedvergieting voorkom. (1)

3.2 Gee die betekenis van die idioom: "My hande is afgekap." (1)

3.3 "Dink aan die ergste geweld wat jy nog gesien het."

Maak die bostaande sin ontkennend. (1)

3.4 Benoem die onderstreepte sinsdele in paragraaf 2.
(byvoeglike bysin/bywoordelike bysin/byvoeglike frase of sinsnede) (1)

3.5 "Jong mense kom in ʼn houthuis in die bos af op die *Boek van die Dooies*."

Kies die korrekte woordsoort vir die onderstreepte woord.

A Selfstandige naamwoord
B Hulpwerkwoord
C Byvoeglike naamwoord
D Voornaamwoord (1)

3.6 Jy moet nooit agteruit by ʼn kamer inloop nie."

Verander die bostaande sin na die lydende vorm.

Begin die sin soos volg: **By ʼn kamer ...** (1)

3.7 Skryf die hoofsin van die volgende saamgestelde sin neer:

"Die ouens en meisies wat in hierdie huis bly, ignoreer alle rillerwette." (1)

3.8 Leon van Nierop het ʼn resensie oor die fliek geskryf. Lei ʼn persoonsnaam af van die woord resensie. (1)

3.9 Gebruik die homofoon van die woord *vel* in paragraaf 2, in ʼn verhelderende sin. (1)

3.10 Skryf die stellende trap van die woord *ergste* in paragraaf 1 neer. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae.




4.1 Kyk na die pa se gesig in raampie 2. Dui aan watter gevoel of emosie oorgedra word.

A Teleurstelling
B Bekommernis
C Hartseer
D Woede (1)

4.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 4.1 deur te verwys na die liggaamstaal van die pa. (1)

4.3 In raampie 3 kom die Engelse woord *multi-task* voor. Wat is die betekenis van die woord in Afrikaans? (1)

4.4 Verbind die eerste sin in raampie 2 met ŉ gepaste voegwoord. (1)

4.5 Lees die strokie en verduidelik die humor in raampie 3. (2 x 1) (2)

4.6 In raampie 1 kom die woord *biblioteekboeke* voor.

4.6.1 Is hierdie woord ŉ samestelling of ŉ samestellende afleiding? (1)

4.6.2 Watter funksie verrig die e-klank aan die einde van die woord? (1)

4.6.3 Dui die kern en die bepaler in die woord aan. (2 x 1) (2)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Lees die onderstaande grappie en beantwoord die vrae wat volg.

### VERKOOP HOM

**Meisie:** Pa, ek is <u>verlief</u> op ŉ ou wat ver weg van die huis is.
Ons het mekaar op ŉ afspraak-webtuiste ontmoet, vriende geword op Facebook, lang gesprekke gehad op WhatsApp, verloof geraak op Skype en nou het ek Pa se toestemming nodig om te trou.

**Pa:** "Geen probleem nie, my meisiekind.
Trou op Twitter, het pret op BBM, koop kinders deur E-Bay en stuur hulle deur e-pos. En wanneer jy moeg is vir jou man, verkoop hom op Gumtree."

5.1 Wat word woorde soos Twitter en Facebook in rekenaartaal genoem? (1)

5.2 Gee die intensiewe (versterkte) vorm van die woord *verlief.* (1)

5.3 Waarvoor staan die afkorting *e-pos*? (1)

5.4 Skryf die meisie se woorde in die eerste sin in die indirekte rede.

Begin die sin soos volg:

**Die meisie ...** (1)

5.5 Is die eerste sin in die grappie ŉ enkelvoudige of ŉ saamgestelde sin? (1)

5.6 Identifiseer die betreklike voornaamwoord in die volgende sin:

"Pa, ek is verlief op ŉ ou wat ver weg van die huis is." (1)

5.7 Die volgende paragraaf het VIER foute.

Skryf die paragraaf oor, korrigeer en onderstreep die foute.

Die internet is ŉ netwerk van netwerke: dit bestaan uit rekenaars en kabels. Op die internet het ŉ mens rekenaars; op die Wêreldwye Web het jy dokimente, klank en videos. Die Web bestaan as gevolg van programe wat kommunikeer tussen rekenaars op die internet moontlik maak. (4 x 1) (4)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**
**GROOTTOTAAL: 60**
**VERWERKTE TOTAAL (60 ÷ 2): 30**